In die vorm van die nasionale biblioteek, help die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes om 'n groot beweging weg te lei van die tradisionele beskouing van biblioteekdienste vir gesigsgestremdes as liefdadigheid, en na die konsep van 'n nasionale biblioteekstruktuur in ooreenstemming met diè beskikbaar vir siende lesers deur middel van nasionale, munisipale en universiteitsbiblioteekdienste. So 'n struktuur is geleidelik besig om vorm aan te neem deur die toenemende samewerking van vyf hooforganisasies wie se gekombineerde pogings die biblioteekdienste wat vandag beskikbaar is, moontlik maak. Die onderstaande is 'n oorsig van elk van hierdie instansies insluitende die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes:

Die Sentrale Koordinerende Raad vir Literatuurvoorsiening aan Gesigsgestremdes (SKR):

Hierdie liggaam wat binne die raamwerk van die Departement Kultuursake funksioneer, is wat literatuurvoorsiening aan gesigsgestremdes betref, verantwoordelik vir die formulering van nasionale beleid, vir die koördinering van dienste; vir die kanalisering van staatshelp en vir advies aan die Minister van Nasionale Opvoeding en Kultuursake.

Die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes (SABB):

Gestig in 1919, is die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes in 1968 amptelik erken as die nasionale biblioteek van geëmbosseerde en spraakliteratuur vir gesigsgestremdes. Dit sirkuleer boeke en tydskrifte in braille- en moonskrif; en literatuur in band kassette en op plate op 'n landswye skaal. Die diens is geheel en al kosteloos, ondersteun deur 'n staatstoelaag, munisipale hulptoelae, en private bydraes. Op die oomblik geskied die grootste distribusie deur die pos, maar depots is tot dusver by twee skole vir blindes begin. Ander soortgelyke depots by inrigtings vir blindes, en takbiblioteke met mobiele eenhede, verbind met munisipale biblioteekdienste in die hoofsentrums, word deur die Beheerraad oorweeg. Die biblioteek is tans besig om 'n nasionale gesamentlike katalogus op te stel wat sal help om sy eie middele en die van ander instansies meer doeltreffend tot almal se beskikking te stel. Die biblioteek is die hoofkantoor van 'n landswye netwerk van vrywillige brailleoorskrywers. Die SABB tree op as klaringshuis vir alle navrae, en voorsien 'n „een-stop" diens vir lesers wat stelselmatig wil gebruik

maak van die gekombineerde biblioteek- en oorskrywingsmiddele van die Suid-Afrikaanse agentskappe en diè van oorsese organisasies.

Die Skool vir Blindes, Worcester:

is die oudste inrigting vir blindes in Suid-Afrika. Die Skool vir Blindes te Worcester besit 'n biblioteek van boeke en tydskrifte in braille en op „oop" band (nie kasette nie). Die skool het sy eie braille-drukpers en bandopname-ateljee te Worcester, en 'n verdere ateljee in Kaapstad. Boeke op band kan vryelik geleen word van die skool-biblioteek deur enige blinde persoon in Suid-Afrika, en 'n omvattende reeks titels kan teen gesubsidieerde pryse van die Braille-pers gekoop word. Bandopnames vir studente woonagtig dwarsdeur Suid-Afrika word onderneem.

Bandhulp vir Blindes:

Hierdie organisasie plaas boeke en tydskrifte op band en sirkuleer hulle op „oop" band. Enige blinde persoon in Suid-Afrika mag gebruik maak van die diens sonder betaling. Die hoofkantoor van Bandhulp is in Durban, met streekskomitees in Johannesburg, Port Elizabeth, Springs, Oos-Londen, Durban en Kaapstad. Die streekskomitee in Johannesburg lê hom toe op bandopnames vir studente. Bandhulp maak baie staat op vrywillige hulp en word gefinansier deur grootskaalse geldinsamelings veldtogte en 'n staatstoelaag.

Brailledienste:

Onder die beskerming van die Suid-Afrikaanse Blindewerkersorganisasie en die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes, verskaf brailledienste 'n groot voorraad braille-literatuur vir verspreiding deur die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes. Dit spesialiseer in Afrikaans en in Bantoe-braille; in die produksie en verspreiding van tydskrifte, en in oorskrywingswerk vir studente.

Die ontstaan van 'n nasionale biblioteekstruktuur deur die samewerking van die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes, die Skool vir Blindes, Bandhulp vir Blindes en Brailledienste in ooreenstemming met die beleid neergelê deur die SKR was gedurende die jaar 1969/70 merkbaar. Hierdie samewerking neem die volgende vorme aan:

a. Alle instansies het onderneem om mee te werk aan die Gesamentlike Katalogusprojek. Gedurende 1969/70 het lede van die bibliografiese personeel van die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes die ander organisasies besoek om 'n lys te maak van die bestaande materiaal, en in die toekoms sal die SABB in kennis gestel word van nuwe aanwinste of produksies van die Skool vir Blindes, Bandhulp vir Blindes, en Brailledienste deur die voorlegging van standaardkaarte.

b. Die Skool vir Blindes en Bandhulp het ingewillig om hulle bandopnames op versoek aan die SABB te stuur om gekopiëer te word op kasette. Aangesien die Skool vir Blindes reeds saamwerk op hierdie manier ten opsigte van braille, sal dit vir die nasionale biblioteek dus moontlik wees om geleidelik so 'n volledige versameling as moontlik op te bou, en om hierdie versameling beskikbaar te stel.

ONTWIKKELINGSPROGRAMME BY DIE SABB

In ons vorige jaarverslag is dit genoem dat die biblioteek van plan was om die volgende programme van ontwikkeling te onderneem:

1. Die uitbreiding van dienste, veral ten opsigte van Afrikaans en Bantoe-materiaal.
2. Die opbou van 'n uitgebreide gesamentlike katalogus van alle geëmbosseerde en spraakliteratuur vir blindes in Suid-Afrika.
3. Die samestelling van 'n nasionale bibliografie van materiaal wat ons in Suid-Afrika aan ander lande kan aanbied vir internasionale leen of uitruildoeleindes.
4. Die opbou van 'n sterk en noue verwantskap met verwante organisasies in oorsese lande.
5. Die bou van 'n nuwe hoofkantoor vir die nasionale biblioteek-diens vir blindes.
6. Die stigting van takbiblioteke en depots.
7. Die opbou by die nasionale biblioteek van 'n omvattende voorraad boeke.

Merkwaardige vooruitgang is in al hierdie programme gemaak en dit sal in 1970/71 voortgesit word.

PERSONEEL

Mev L. Blaker en mej L. Visser het by die staf van die SABB aangesluit met die skepping van die bibliografiese departement. Mej A. Scott (nou mev J. Orsmond) het diens aanvaar as sekretaresse en ontvangsdame van die direkteur met die verplasing van mev O.V. Dickason na die Band-departement. Mnr J. Norton is aangestel as senior administratiewe assistent toe mev E.M.L.A. van Rensburg verplaas is na die Staatsbiblioteek te Pretoria. Mev H.L. Odendaal het mev J.C.E. Labuschagne en mev. G.I. van Aardt in die Braille-departement opgevolg. Verskeie staflede het kursusse gevolg en eksamens afgelê in verband met hulle werk. Mnr Schauder en mej. Visser was besig met deeltydse nagraadse studies in biblioteekwese, terwyl mev. Blaker gewerk het aan die voltooiing van haar „Associateship of the Library Association", 'n professionele Britse kwalifikasie waarmee sy begin het terwyl sy in die Verenigde Koningryk gewerk het. Mev. M. Zimmerman het die Braille-eksamen van die S.A. Nasionale Raad vir Blindes met onderskeiding geslaag: 'n merkwaardige prestasie met die oog op die betreklike kort tydjie wat sy geneem het om die kursus te voltooi.

TOERUSTING

Twee belangrike aanwinste is 'n IBM braille elektriese tikmasjien en 'n Thermoform braille kopieermasjien. Die tikmasjien sal die

spesiale braillewerk wat in die biblioteek gedoen word grootliks vergemaklik, en die Thermoform sal dit vir ons moontlik maak om in die toekoms meer afskrifte te maak van boeke wat deur ons vrywillige oorskrywers op Perkins braillemasjiene gemaak word.

Albei hierdie stukke toerusting word gebruik vir die produksie van braille-katalogusse en biblioteekpublikasies. Die aankoop van hierdie toerusting is moontlik gemaak deur die vriendelike bydrae van mev. E.S.P. Marais van Pretoria.

DANKBETUIGING

Weereens wil die biblioteek sy menige weldoeners wie se geldelike bydraes 'n standaard van sukses moontlik gemaak het wat nie sou bereik kon word op ons staatstoelaag alleen nie, baie hartlik bedank. Elke privaat bydrae word opreg waardeer: die name van skenkers word elders in hierdie rapport aangegee. Ons dank word ook uitgespreek teenoor dié wat hul tyd en dienste gegee het om fondse in te samel vir die biblioteek, en om potensiële gebruikers bewus te maak van die fasiliteite wat beskikbaar is. Die biblioteek se dank gaan aan die minister vir Nasionale Onderwys en sy amptenare in die Departement van Kultuursake, asook aan die Voorsitter en lede van die SKR. Ons wil ons waardering uitspreek vir die aktiewe hulp en aanmoediging wat aan die biblioteek gegee is deur die Rhodes Universiteitsbiblioteek (veral dr F.G. van der Riet en mnr R. Musiker) en die biblioteek van die Universiteit van Port Elizabeth (veral mnr J.G. Kesting).

SPRAAKBOEK–AFDELING

Daar is nog 50 lesers wat plaatboeke gebruik. Gedurende die jaar is 25,000 plate (ongeveer 1800 boeke) uitgereik. Daar is 'n voorraad van 22,634 plate (1,652 boeke).

355 lesers het die groot (Merk I) bandkasetboeke ontvang. 10,900 kasette is gesirkuleer (dit dek 15,600 titels). 16 lesers het die nuwe klein (Merk II) kasette ontvang. 560 hiervan is uitgestuur. Die maksimum leestyd van die klein kasette is 12 uur (vergelyk met 21 uur vir die groot kasette), sodat sommige boeke twee of meer kasette nodig het.

'n Vaste bestelling is geplaas vir een van elke titel op die klein kasette by die „British Talking Book Library for the Blind" en meesterbande word ontvang van die Skool vir Blindes, Worcester, en Bandhulp vir Blindes, Durban. Materiaal van hierdie bronne word gekopieer op 5 kasette op 'n slag op twee kopieermasjiene.

Geskenke van bandspelers is met dank ontvang van die volgende: mev. M.A.L. Nolan, mnr N. Robertson en die boedels van die wyle mnr R. Duncan, mev. M. Hawke, dr. A. Kerr en mej. K. Pawley.

Navrae omtrent die spraakboeke word byna daagliks ontvang en dit word gehoop dat daar gedurende die volgende jaar 'n groot toename in die aantal lesers sal wees.

BRAILLE EN MOON–AFDELING

Omtrent 350 lesers het gedurende die jaar braille boeke en tydskrifte geleen. Daar was 'n toename in die aantal jong Blanke lesers en Nie-blanke lesers, volwassenes sowel as jeugdiges. 12,120 brailleboekdele en 1200 tydskrifte is gesirkuleer. 620 boekdele (490 titels) is bygevoeg die voorraad wat nou uit meer as 20,000 boekdele bestaan. Die aantal boeke in Bantoetale toon 'n gestadigde vermeerdering.

1,186 boekdele en 240 tydskrifte in moon is aan 40 lesers gestuur. Ongelukkig, was daar hierdie jaar geen toename in die aantal lesers in moon nie, maar verskeie toekomstige lesers is besig om dit te bestudeer, sodat die inskrywing aanstaande jaar behoort te vermeerder. Die moonboeke vorm 'n goeie byvoegsel tot die praatboeke veral vir lesers wie se gehoor verswak. Hulle is makliker vervoerbaar as kasettoerusting. Ongeveer 150 boekdele is bygevoeg tot hierdie afdeling wat die totaal verhoog tot 3,570 boekdele (meer as 1000 titels).

Ons betuig ons opregte dank aan die volgende wat Braille en moonboeke en tydskrifte gedurende die jaar geskenk het:

Mej. C. Aucamp, mnr R. Brookes, mev. U. Bruce, dr. W. Cohen, mej. L. Conradie, mnr H. du Toit, mnr J. Ellis, mev. Hamman, mnr Haupt, mnr H. Levin, mnr D. Robb, mnr W. Rowland, mev. A.C. Taylor, mej. Hillie van Wyk, mev. M.C. Venter, die boedels van die wyle mev. G. Bentley en mnr H. Goodwin, die „Christian Record Braille Foundation", die „Church of Scotland", die Joodse Raad van Afgevaardiges, die John Miltonvereniging, die „Library of Congress", die Ligtoring Klub, die „Lutheran Blind Workers", die Lutherse Kerk (Missourie Sinode), die Lutherse Biblioteek vir Blindes, die „National Blind Press, Boston", die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes, die „Torch Trust for the Blind", die „Unity School of Christianity, Missouri," die Skool vir Blindes, Worcester.

Brailledienste, Johannesburg, het ons voorsien van Afrikaans en Bantoe-boeke teen halfkosprys, waarvoor ons baie dankbaar is. Hulle het ook ons handoorgeskrewe boeke gebind.

* * * * *

Mev. R. Gee lei nog steeds nuwe brailleoorskrywers op, en word gehelp deur mev. S. Dent en mev. H. Hall. Hulle hulp is van onskatbare waarde en word op prys gestel. Mev. U. Bruce en mej. E. Canning is baie vriendelik om as proeflesers te dien vir ons handoorgeskrewe boeke.

Ons is baie dank verskuldig aan die volgende wat boeke vir ons oorgeskrywe het:

	boekdele		boekdele
Mev. N.L. Askham	1	Mev. R. Gee	3
Mev. E.A. Banning	2	Mej. M. Jeffries	3
Mev. J. Barritt	5	Mnr N.C. Kirby	4
Mnr T.H. Barrow		Mnr E. Mallinson (boeke)	6
(aantekeninge)	1	" (aantekeninge)	2
Mev. F. Brandt	4	Mev. Y. Miller	2
Mej. E. Canning (boeke)	9	Mej. A. Newby	3
" (aantekeninge)	3	Mev. I. Parker	9
Mev. J. Clayton	4	Mev. R. Schnabl	7
Mev. S. Cohen	1	Mej. M. Townsend	2
Mev. S. Dent	1		
Mev. M. Ford	1	TOTAAL	73

Ons mis die hulp van mej. T. Geerling, wat nou in Nederland woon en wat nou oorskrywing doen vir die Biblioteek vir Blindes in Den Haag.

'n Lid van ons personeel het haar brailletoets met onderskeiding geslaag en konsentreer nou op werk vir studente.

BIBLIOGRAFIESE AFDELING

Die bibliografiese afdeling het in Januarie 1970 in werking getree. Sedertdien het lede van dié personeel die volgende inrigtings besoek om bibliografiese inligting te versamel vir die Nasionale Gesamentlike Katalogus-projek: Skool vir Blindes, Worcester; Athlone Skool, Bellville; Brailledienste, Johannesburg; Bandhulp, Johannesburg; Johannesburgse Burgerlike Blindesorgvereniging; Bandhulp, Durban; New Horizon Skool, Pietermaritzburg.

Nadat basiese bibliografiese inligting in verband met die ongeveer 15,000 titels ingewin is, sal die boeke geklassifiseer word volgens Dewey se Desimale Klassifikasie, met trefwoorde volgens die Library of Congress se „List of Subject Headings", en hul sal geannoteer word.

Teen die einde van 1969/70 het die Beheerraad in beginsel besluit om 'n semi-outomatiese metode vir die produksie van die gesamentlike katalogus te kies. Hierdie metode word beskryf in 'n persverslag wat hieronder aangehaal word, en dit sal in werking tree teen die end van 1970.

— PERSVERSLAG —

Meganisering sal werk op katalogus van boeke vir blindes versnel

Die werk van die Nasionale Gesamentlike Katalogus van boeke vir blindes sal versnel word deur die gebruik van 'n gesofistikeerde masjien wat deur die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes in Grahamstad gekoop gaan word. Die katalogus word hier saamgestel as deel van die Biblioteek se bibliografiese werk.

Die masjien wat R4,500 kos word 'n Flexowriter genoem. Dit sal net nodig wees om 'n inskrywing eenmaal te tik om alle inskrywings (skrywer, titel en onderwerp) vir elke titel in die katalogus op te lewer.

Die Flexowriter tik gemiddeld 145 woorde per minuut foutvry, dus omtrent 35 sekondes per inskrywing. 'n Meesterkaart vir elke titel word getik, met alle indeksinskrywings aangaande titel en onderwerp sowel as kruisverwysings.

'n Papierband wat gebruik kan word vir 'n rekenaar word terselfdertyd gepons. Hiervan word 'n sentrale kaartkatalogus wat meganies sorteer kan word, gemaak. Sjablone of litomeesters vir die boekkatalogus word outomaties van die meesterband af getik. Die spoed van die Flexowriter en van die meganiese sortering sal baie tyd en arbeid bespaar in die voltooiing van die katalogus. Daar is ongeveer 15,000 titels wat opgeskryf moet word.

Die idee van 'n omvattende katalogus van boeke en tydskrifte vir blindes het ontstaan by 'n seminaar wat verlede jaar by Rhodes Universiteit gehou is. Die Raad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes het die Departement van Kultuursake gevra om 'n bibliografiese afdeling te stig. Dit is nou begin, met 'n personeel van drie onder mev. L. Blaker.

Baie boeke vir blindes word van Engeland en Amerika ingevoer maar alle plaaslike materiaal en boeke in Afrikaans en in Bantoetale word in Suid-Afrika vervaardig.

„Verskeie Suid-Afrikaanse organisasies vervaardig boeke in spraak of geëmbosseerde media", het mnr D.E. Schauder, Direkteur van die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes gesê. „In die verlede was daar duur verdubbeling van titels, wat vermy sal word sodra die Gesamentlike Katalogus beskikbaar is".

„Dit sal alle biblioteek boekvoorrade vir blindes in Suid-Afrika aandui. Daar is nou ongeveer 15,000 titels, 'n getal wat nog klein genoeg is om uitgebreide bibliografiese beheer moontlik te maak".

Die beginpunt vir die katalogus is om 'n lys te maak van hierdie boeke, wat die skrywer, titel, onderwerp, plekaanwysing, taal en publikasiebesonderhede, aandui. Tydskrifte en versamelings van studie-notas word ook aangedui. Die bibliografiese werkers van die biblioteek het na baie dele van ons land gereis om versamelings van geëmbosseerde en spraakboeke by skole en ander organisasies vir blindes te katalogiseer. In die toekoms sal hierdie organisasies standaardkaarte vir elke nuwe titel wat hulle bykry, verskaf.

Die basiese materiaal is nou byeengekry. Bibliografiese besonderhede moet nou voltooi word en annotasies van die inhoud van elke boek moet saamgestel word.

Die werk is vermeerder as gevolg van die plan om baie verhalende-literatuur sowel as vakliteratuur onder onderwerpe te klassifiseer om blinde lesers te help om boeke te kies, en as gevolg van die beperkte hoeveelheid vakliteratuur beskikbaar in meeste onderwerpsvelde.

Annotasies tot die Katalogus sal meer uitgebreid as gewoonlik wees, amper 'n uittreksel van die inhoud van elke titel sal gegee word.

Bykomende katalogusse is nodig sowel as die hoof Gesamentlike Katalogus. Ingesluit hierby sal 'n nasionale bibliografie van leesstof wat in Suid-Afrika vervaardig is, katalogusse van leesstof in braille, moon, op bandkassette, „oop" band en plate, jeugliteratuur, en boeke in die veskillende Suid-Afrikaanse tale, wees. Die nasionale bibliografie sal internasionale inter-biblioteeklenings en uitruilings vergemaklik.

Hierdie bykomende katalogusse sal semi-outomaties saamgestel word wanneer die volledige Gesamentlike Katalogus voltooi is. Kumulatiewe nuwe uitgawes van alle katalogusse sal minstens elke twee jaar beskikbaar wees.

Hierdie sentrale katalogisering sal die organisasie van takke en depots van die nasionale biblioteek in alle dele van die land vergemaklik.

'n Lys van katalogusse wat uitgegee is deur organisasies en biblioteke vir blindes dwarsdeur die wêreld, word ook saamgestel. Dit sal verhoed dat plaaslike produksie ooreenslaan met leesstof wat reeds beskikbaar is, en sal dit moontlik maak om sistematiese literatuursoektogte op die versoek van lesers te onderneem.

Mev. I.E. Harding-Barlow

DIE HARDING–BARLOW PROJEK

Die Harding-Barlow Projek is deur die Raad vir die SABB begin met die doel om op hoogte te bly van nuwe werk wat gedoen word in verband met die ontwikkeling van leesmasjiene vir blindes.

Die Projek word genoem na mev. I.E. Harding-Barlow van Kaapstad wat kasette van die SABB ontvang sedert sy enige jare gelede blind geword het. Terwyl sy op besoek was aan haar dogter wat navorsingswerk doen te Stanford-Universiteit, het mev. Harding-Barlow van die Optacon, 'n instrument wat blinde lesers in staat stel om konvensionele gedrukte leesstof te gebruik, wat daar in ontwikkeling was, gehoor.

Die Optacon is 'n gesigs- gevoel leeshulp wat 'n blinde persoon onmiddellik toegang gee tot feitlik alle gedrukte leesstof. 'n Silikon gevoelsprent sein piezo-elektriese prikkels sodat die blinde persoon elke letter met sy wysvinger kan voel.

Mev. Harding-Barlow het toestemming verkry om die masjien uit te toets en was geïmponeer deur die uitslae. Sy het alle beskikbare literatuur oor die Optacon verkry. Dit het sy ernstig bestudeer in samewerking met lede van die SABB personeel en professor J.A. Gledhill van die Departement Fisika, Rhodes Universiteit. Die materiaal vorm die nukleus van 'n spesiale Harding-Barlow Projek versameling by die SABB.

Mev. Harding-Barlow, wat 'n gegradueerde is in wiskunde en sielkunde, is as Ere-navorsingskollega van die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes deur die Raad aangestel. Met die aanmoediging van die SABB en die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes, en met behulp van die „American Foundation for Overseas Blind" sal sy binnekort nog 'n reis na die Verenigde State onderneem, hierdie keer om ander apparaat wat besig is om ontwikkel te word deur navorsingsgroepe in California en aan die Ooskus, te ondersoek.

RADIO ONDERHOUD – CECIL JUBBE EN D.E. SCHAUDER

J. *Mnr Schauder, u is direkteur van die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes in Grahamstad. Dit is die Republiek se nasionale biblioteek van geëmbosseerde en spraakliteratuur vir gesigsgestremdes. Kan u ons iets daaroor vertel?*

S. Die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes is een-en-vyftig jaar gelede deur mej. Josie Wood, die Suid-Afrikaanse pionier op hierdie gebied gestig. In 1968 is dit amptelik erken as die nasionale biblioteek wat die hele Republiek en Suidwes-Afrika bedien en ook aangrensende lande help.

J. *Dit is dus die enigste biblioteek van sy soort in Suid-Afrika?*

S. Ja. Maar dit is nie die enigste organisasie wat betrokke is in die voorsiening van literatuur aan blindes nie. In die laaste jare het 'n ko-ordinerende nasionale stelsel van dienste ontstaan onder die leiding van 'n sentrale raad wat binne die raamwerk van die Departement van Kulturele Sake funksioneer.

J. *Watter ander agentskappe is in hierdie nasionale stelsel betrokke?*

S. Die Skool vir Blindes te Worcester en Bandhulp vir Blindes te Durban maak bandopnames en leen spraakboeke uit en onderneem bandopnames vir studente. Die Skool vir Blindes, weer, en Braille-dienste te Johannesburg is uitgewers van Braille-boeke en -tydskrifte. Ons biblioteek versprei boeke en tydskrifte in geëmbosseerde en bandvorm en doen 'n sekere aantal braille oorskrywings. Dit het verreweg die grootste boeke voorraad van al die agentskappe, en het opgeleide bibliotekarisse/esse op die personeel.

Cecil Jubbe van die SAUK voer 'n onderhoud met mnr D.E. Schauder i.v.m. biblioteekdienste vir blindes

J. *Hoe affekteer al hierdie dinge die gewone blinde man?*

S. Wel, 'n blinde persoon wat gebruik wil maak van die land se literatuurmiddele kan óf met een van die gespesialiseerde agentskappe wat ek genoem het, in aanraking kom, of anders kan hy die nasionale biblioteek te Grahamstad gebruik as 'n alomvattende diens ten opsigte van al sy lees- en oorskrywings benodighede. Indien hy 'n algemene ontspanningsleesstof -diens soek, sal die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes óf self daardie diens voorsien óf hom verwys na 'n ander meer geskikte agentskap. Indien hy 'n spesifieke titel vir studie of ernstige lees nodig het, sal die biblioteek daardie titel vir hom verkry as dit in Suid-Afrika of oorsee te vinde is. Indien dit nêrens in die wêreld beskikbaar is nie, sal die biblioteek reël vir die oorskrywing daarvan in Braille of vir 'n bandopname.

J. *Dus, as jy 'n blinde persoon ken, behoort jy hom aan te raai om in aanraking met die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes te kom en hy sal verseker wees van die beste biblioteekdiens wat die gekoördineerde pogings van al die organisasies kan voorsien.*

S. Dit is korrek. En dit maak nie saak of die blinde persoon jonk of oud, Engels- of Afrikaanssprekend is nie, of hy braille kan lees of nie, die biblioteek doen alles moontlik om te verseker dat hy geembosseerde of spraakliteratuur wat hom pas, vind.

J. *Is daar enige koste aan hierdie dienste verbonde?*

S. Geheel en al niks. Die Staat het die prinsiep aanvaar dat blinde mense van alle bevolkingsgroepe geregtig is op vry biblioteekdiens in dieselfde mate as hulle siende medeburgers. Biblioteekdienste vir die blindes is net so min liefdadigheid as wat munisipale of provinsiale

biblioteekdienste vir die siende is. Al die organisasies, egter, wat ek genoem het, waardeer finansiële steun van die privaat sektor om hulle staatstoelaag aan te vul. Maar die prinsiep van 'n kostelose diens is vas aanvaar, en dit sluit in die leen van bandspelers waar blinde lesers nie kan bekostig om hul eie te koop nie. Daar is baie sterk redes vir privaat en staatsondersteuning van hierdie dienste. Enigeen van ons kan as gevolg van 'n motorongeluk of ouderdom blind word en sal dan moet steun op biblioteekdienste vir blindes vir arbeidsvoortsetting of vir bevredigende ontspanningsaktiwiteit vir die res van ons lewens. Dit spyt my om te sê dat elke siende persoon 'n potensiële gebruiker van ons dienste is.

J. *Kan u die naam en adres van die biblioteek herhaal ingeval enige van ons luisteraars of hul vriende aan u sou wou skryf?*

S. Sekerlik. Dit is eenvoudig die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes, Grahamstad.

* * * * * *

'N TROTSE BESITTING:

Bons beeld van mej. Josephine Ethel Wood, stigster van die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes, gemodelleer en aangebied as 'n geskenk aan die biblioteek deur die welbekende beeldhouer Michael Mitford-Barberton

PERSONEEL BEELD

Mev. C.F. BLAKER het vanjaar hoof geword van die bibliografiese afdeling na biblioteekopleiding by Strathclyde Universiteit en ondervinding in die Verenigde Koninkryk en Suid-Afrika. Sy bring mee in haar werk by die biblioteek ondernemingsgees, bekwaamheid en 'n verruklike Skotse aksent.

Mev. O.V. DICKASON het in 1965 by die biblioteek aangesluit. Sy doen haar werk, hoofsaaklik aan die tegniese sy van die bandafdeling, met onskatbare toewyding en deeglikheideienskappe wat sy voorheen ook gebruik het in die administratiewe afdeling van die biblioteek.

Mev. W.M. LAURIE, hoof van die braille-afdeling, is 'n beminde figuur in Suid-Afrikaanse blinde welsynswerk. Voordat sy in 1951 aangesluit het by mej. Wood se klein toegewyde span, het sy in die verplegingsbaan gewerk en het diensgedoen as 'n „WAAF" offisier in die Tweede Wêreldoorlog. Haar entoesiasme en bekwaamheid dien as besieling vir haar jonger kollegas. Sy het onlangs oorgeslaan na deeltydse werk.

Mev. I.R. LEMMER het haar opleiding as onderwyseres by die Grahamstadse opleidingskollege gekry. Sy het in 1968 aangesluit by die brailleafdeling. Haar opgeruimde dinamiese persoonlikheid word weerkaats in baie aspekte van die afdeling se werk.

Mev. D.I. LEVEY (Deeltyds) is in bevel van die bandafdeling vanaf 1962. Sy besit ware tegniese en administratiewe aanleg, gemeng met diep menslikheid en belangstelling in lesers, en gebruik dit in die kopieer van kasette, en die instandhouding en distribusie van kasette en spelers.

Mej. B.A. LEVICK het in 1937 by die biblioteekpersoneel aangesluit en het verreweg die langste dienstermyn. Die braille-afdeling sou nie dieselfde wees sonder haar uitgebreide kennis van sy voorraad, leserskring, en metodes nie, nog die biblioteek sonder haar opgeruimde beskeie persoonlikheid.

Mnr J.B. NORTON, skoolopleiding aan St. Andrew's Kollege, Grahamstad, het as offisier diens gedoen gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Hy het in 1969 aangesluit by die biblioteek as Senior Administratiewe Assistent.

Mev. H.L. ODENDAAL het haar stille deeglikheid gebring na die span in die brailleafdeling toe sy vroeër vanjaar deeltydse personeellid van die biblioteek geword het.

Mev. A. ORSMOND het vanjaar aangesluit by die personeel as die direkteur se sekretaresse en ontvangsdame. Sy besit 'n vrolike humorsin en bekwaamheid en toon 'n ,,niks-is-teveel-moeite-nie'' houding teenoor haar werk.

Mev. G.J. PEARCE word altyd onthou deur besoekers aan die biblioteek weens haar opgeruimde en innemende geaardheid. 'n Deeltydse lid van die bandafdeling vanaf 1967 werk sy met die instandhouding en sirkulering van kasette.

Mev. B.G. SAMUEL is aangestel in die bandafdeling in 1963. 'n Deeltydse personeellid, spesialiseer sy in die instandhouding en sirkulering van kasette met vlytige entoesiasme.

Mnr D.E. SCHAUDER, direkteur, het sy skoolopvoeding ontvang by Grey Hoërskool en daarna Rhodes Universiteit met Lugmag nasionale diens tussenin. Met hoofvakke Engels en Sosiologie, het hy nagraads gespesialiseer in biblioteekwese en in 1969 aangesluit by die biblioteek.

Mej. E.M. SPURLING, het studeer by DSG en Oxford en is 'n gegradueerde in Frans en ekonomie, met nagraadse opleiding in sosiale werk. As mej. Wood se senior assistente vanaf 1950, en daarna agerende-direktrise en bibliotekaresse, kan haar bydrae in alle afdelings van die biblioteek se werk en blinde welsynswerk in die algemeen nie oorskat word nie.

Mev. A.J.M. VAN DER MERWE, wat in bevel is van die plate afdeling en ook help met bandverspreiding, word bemin deur personeellede vir haar kalmte en simpatie. Van 1956 tot 1959 was sy deeltyds en is in 1968 weer aangestel en is steeds besig om administratiewe bekwaamheid gemeng met menslike besorgheid te gebruik in die distribusie en instandhouding van plaatboeke en spelers.

Mej. R.A. VISSER is 'n gegradueerde in Afrikaans/Nederlands en Engels van die Universiteit van Port Elizabeth, gevolg deur biblioteekopleiding aan Rhodes Universiteit. 'n Lid van die bibliografiese span, stel sy belang in alle aspekte van die werk van die biblioteek, maar veral in sy meganiseerde katalogiserings-program.

Mev. M. ZIMMERMAN, deeltydse werkster vanaf 1969, is die eerste lid van die biblioteek se personeel om haar braille oorskrywersdiploma van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes met onderskeiding te verwerf. Behalwe *ad hoc* oorskrywing en braille korrespondensie, help sy in die bibliografiese afdeling.

SUBSCRIPTIONS AND DONATIONS / SUBSKRIPSIES EN SKENKINGS

1st April, 1969 to 31st March, 1970 / 1 April 1969 tot 31 Maart 1970.

A

Abrahamse, Miss S.
Addleson, Mr A.
African Explosives & Chemical Industries
African Oxygen Ltd.
Airey, Mrs A.J.
Albertyn, Mrs M.
Allied Building Society, Grahamstown
American Swiss Watch Co.
Anderson, Mrs A.R.
Anderson, Mrs P.
Anglo American Corporation
Anglo Transvaal Consolidated Investment Co.
Anonymous donors (9)
Arderne Scott Timbers Ltd.
Arnott, Miss E.
Ashburner, Miss D.
Associated Furniture Co. Ltd.
Aucamp, Mrs E.
Auld, Mr J. (Senior)
Austin, Mr J.M.

B

Baille, Mr M.T.
Bakewell, Mrs A.A.
Balco Co.
Barberton, Mr I. Mitford
Barberton, Mr R.A. Mitford
Barclay, Mrs K.
Barclay, Miss N.
Barclays Bank D.C.O., Charitable Trust
Barrow, John (Pty) Ltd.
Barvale (Pty) Ltd.
Bathgate, Mrs E.E.
Bedworth, Capt. and Mrs A.C.
Bell, Mrs E.E.
Bellingan, Mr and Mrs A.
Bennett, Mr and Mrs T.H.
Berea Presbyterian Church Women's Auxiliary — Evening Branch
Bettis, Mrs A.
Biggs, Mr and Mrs L.
Blackburn, Mrs K.L.
Bokhorst, Mrs P.
Bone, Mr and Mrs E.E.
Botha, Col and Mrs C.G.
Botha, Mr P.R.
Bowen, Sessel and Goudvis
Bowker, Mr E.M.
Boyce, Mrs A.D.
Branson, Mr K.K.
Broad, Mrs A.M.
Broom, Mr P.
Brown, Miss E.
Brown, Mrs F.
Browne, Miss A.M.
Brunsdon, Miss S.E.
Bryson, Miss J.
Budgen, Mrs M.
Burger, Sister E.
Burgersdorp Combined Women's Association.
Burness, Mr J.H.

C

Caltex Oil, (S.A.) Ltd.
Came, Mr and Mrs R.P.
Campher, Mrs V.A.
Cape and Transvaal Printers
Cape Argus
Central News Agency
Chambers, Mrs W.G.
Chatterton, Miss P.
Clumber Women's Auxiliary
Cockerton, Mrs I.
Collett, Mr and Mrs C.
Collett, Mrs G.C.
Comley, Mrs J.I.
Conway, Mr E.B.
Cope, Mrs J.M.
Corker, Mrs E.
Cosser, Mrs P.
Cowie, Miss E.C.
Crawford, Mrs F.R.
Creswick, Mrs M.
Cuthbert, W.M. & Co. Ltd.

D

Davies, Hubert and Co.

Dawson, Miss H.M.
Day, Mr and Mrs E.C.
Deacon, Mr W.H.D.
De Beers Consolidated Mines
Dehlen, Mrs A.C.
Dent, Mrs S.E.E.
Dircks, Miss E.
Dircks, Mrs S.M.
Dixon Trust Fund
Doke, Rev. and Mrs W.H.
Dorman Long (Africa) Ltd.
Douglas Low and Co.
Dunster, Mrs E.B.
du Plessis, Mr A.J.
du Plessis, Mr J.H.
Durban Deep Women's Work Party
Durkin, Mrs L.J.

E

Eastern Areas Sub-District Bowling Assn.
Eastern Province Guardian Loan and Investment Co.
Ebden, Mrs V.B.
Emslie, Mrs L.J.N.
Ernest, Mr W.
Espin, Mrs D.B.
Evans, Herbert and Co.
Eyton, Miss M. Wynne

F

Farrer, Mr F.H.
Federated Employers' Insurance Co.
Finch, Dr. S.A.
Findling, Mr D.
Fitzsimons, Dr. V.F.M.
Flook, Mr and Mrs S.E.
Forder, Mrs N.J.A.
Forrest, Capt. H.
Fowler, Miss N.
Friedland, Mr D.L.
Friedlander, Mr W.
Fyfe, Mrs C.G.

G

Gair, Mr T.
Garlick Ltd.
Geldenhuys, Mr H.
Gericke, Mrs H.
Gidley, Mr S.
Gilbert, Mrs W.H.
Glazebrook, Mrs S.J.
Glickman, Mrs G.
Goldfields of South Africa Ltd.
Goldney, Major-General and Mrs H.W.
Goodwin, Mr H.
Gordon, Mrs M.S.
Gordon, Mr P.S.L.
Graaff Reinet Civilian Blind Society
Greatermans Stores Ltd.
Greathead, Mrs E.E.
Greeff, Mr and Mrs B.F.
Griffiths, Mr A.G.
Griffiths, Mr and Mrs W.G.
Grove, Mrs H.

H

Hall, Miss A.
Hall, Miss G.
Hannington, Mrs D.
Harford, Mr and Mrs E.W.
Harland, Miss M.L.
Harris, Mrs I.M.
Harvey, Mrs I.
Hattingh, Mnr D.
Heesche, Mr and Mrs R.
Henning, Mrs J.
Hensley, Mr and Mrs V.J.
Herbst, Miss B.
Hirsch, Mrs M.
Hobson, Mrs S.B.
Hoexter, Dr O.H.
Hollins, Mr and Mrs G.W.
Hunt Leuchars and Hepburn Ltd.

I

Immerman, Mr A.
Isherwood, Mr A.

J

Jacot-Guillarmod, Mr and Mrs C.
Jacques, Dr A.C.
Jay, Mrs H.I.
Jennett, The Hon. Mr Justice
Jensen, Mr and Mrs N.W.
Jones, Mr and Mrs A.J.
Jones, Mrs E.H.
Jones, Mrs L.
Jooste, Ds. M.
Jordaan, Mev J.E.
Joyce, Mr C.D.

K

Kennedy, Col. and Mrs M.W.
Kiessig, Miss G.
Killick, Mrs C.
Kimpton, Mrs M.
King, Mr S.W.
Kingwill, Mrs H.M.
Kleyn, Mr G.
Knowling, Mrs R.G.
Krinsky Foreman and Davis

L

La Fontana Ball
Lance, Mrs M.C.
Lane, Mrs E.C.
Lawrence, Mrs I.J.
Leach-Smith, Miss M.
Lee, Mrs P.M.
Lefebvre, Mrs M.
Le Roux, Mr J.
Levin, Miss F.
Liberty, Mr L.J.F.
Lindhard, Mr N.C.
Lindsay, Mr and Mrs J.C.
Loffhagen, Rev R.W. and Miss H.
Lombard, Mr and Mrs C.A.
Loscombe, Mr C.
L.T.A. Limited
Luscombe, Mrs H.
Lynham, Mrs D.

M

McAllister, Mr and Mrs C.
McCall, Mr A.G.
McCartan, Mr and Mrs B.L.
McKerron, Dr M.
McKibbin, Mrs E.
McMillan, Mrs D.V.
Mary Ross Trust
Massey Mrs H.
Masterton, Miss M.I.
Mathews, Mrs M.M.
Matthews, Mrs J.E.
Mayne, Mr and Mrs F.R.
Meihuizen, Miss A.
Mellé, Mrs G.J.
Menge, Mrs E.A.J.
Metrowich, Mr F.C.
Meyer, Mr F.B.
Michele, Mrs A.
Miller, Mrs K.
Mills, Mrs E.
Mitchell, Mr and Mrs F.H.
Mitchell, Miss M.T.
Mobil Oil Southern Africa (Pty) Ltd.
Morum, Mrs A.M.
MOTHWA of Makanakop Shellhole
Moss, Mr and Mrs J.C.
Muller, Mrs M.
Musiker, Mr R.
Myburgh, Mrs I.

N

National Home Reading Union
Nel, Mr J.D.
Nicholas, Mr D.L.
Norton, Mr and Mrs H.H.

O

O'Hara, Miss A.W.
O.K. Bazaars Limited
Olivier, Mrs M.A.
Oosthuizen, Mr O.A.
Orr, John and Co.
Osler, Mrs W.

P

Palmer, Mrs E.
Parker, Mrs I.
Parkhurst MOTHWA Shellhole
Phillips, Mr L.
Phillips, Mr S.G.
Pilkington, Mrs P.
Pillans, Mrs D.
Port Elizabeth Society for the Blind
Potts, Mrs E.B.
Potts, Mrs F.M.
Prior, Miss G.V.
Prout, Mrs L.F.

R

Rae, Major A.A.
Ralph, Mrs E.
Ramsbottom, Miss K.N.
Rand Mines Limited
Redfern, Mrs A.
Redgate, Mr J.E.
Reid Mrs J.L.
Richey, Mrs J.A.

Rhodesian Soc. for the Blind and Physically Handicapped
Rhodes Rag Fund Committee
Rice, Col H.P.
Richards, Miss M.A.
Richardson, Mr K.
Robb, Mr D.
Robert Niven Trust
Roberts, Mr A.C.
Robertson, Mrs E.
Robertson, Mr and Mrs M.
Robertson, Mrs M.E.
Robertson, Miss M.J.P.
Robert Storm Rainbow Trust
Roodepoort Community Chest
Rotary Club of East London
Ruddell, Mrs M.G.

S

Sager, Mrs R.L.
St. Ledger, Mr and Mrs R.Y.
Sandall, Miss B.
Savage, Mrs H.
Sawyer, Mr E.J.
Seipel, Mr M.
Sharp, Mrs D.
Shell South Africa (Pty) Ltd.
Sime, Mrs I.
Sloane, Mr and Mrs H.T.
Sluman, Mrs R.
Smith, Mrs A.F.
Smith, Mrs M.M.
Smith, Mrs W.M.
Snyman, Mrs R.
Solomon, Lt.Col. D.H.
S.A. Associated Newspapers Ltd.
Southern Building Society
Southey, G.C.
Spilhaus Wm. and Co. Ltd.
Standard Bank of South Africa Ltd.
Stanley Murphy Benevolent Fund
Star, The
Stewart, Mrs C.
Stewarts & Lloyds of S.A. Ltd.
Stockley, Mrs A.
Stockwell, Mrs H.
Stofberg, Mnr. en Mev J.A.
Stokes, Mrs M.
Stork, Mrs L.S.
Street, Major P.A.
Strichen, Mrs P.
Stuttaford and Co. Ltd.
Syfrets Trust Co. Ltd.
Symons, Mr and Mrs J.E.

T

Tanqueray, Miss R.
Tate, Mrs A.E.
Thompson, Dr E.M.
Thornton, Mrs H.D.
Thorpe, Miss N.
Till, Mrs J.
Transvaal Ladies Golf Union
Transvaal Senior Women's Golfing Soc.
Trinity Presbyterian Church Women's Association Day Branch
Trollope, Miss D. & O.
Tucker, Mr and Mrs Eric
Turner, Mrs M.E.
Turvey, Miss M.N.

U

Union Castle Line
Union Corporation Ltd.
United Building Society (Grahamstown Branch)
United Building Society (Johannesburg Branches)
United Tobacco Companies (South) Ltd.

V

Van Coller, Miss S.
van den Berg, Mrs P.J.
van der Gucht, Mrs R.
van der Riet, the Hon. E.F. & Mrs.
van der Schyff, Mrs C.J.P.
van der Walt, Mnr J.C.
van der Walt, Mej. M.
van Dorsten, Miss I.
van Niekerk, Mrs E.D.
van Rensburg, Mev. P.H. Janse
van Zijl, Mrs M.A. and Miss M.A.F.
Varder, Mrs M.L.
Vellenzer, Mrs M.
Venter, Mrs M.C.
Verster, Mr P.J.

W

Wallace, Miss E.M.
Wassenaar, Dr. A.D.